

WIE SIT DAARAGTER?

Weet u wie sit agter die geveg teen korrupsie en die bou van demokrasie? Hulle is aanvanklik genoem Google Idea Groups, maar staan nou bekend as Jigsaw. ?

NASIONALISME: 'N KONTRAK MET ONS NAGESLAG

VLAMME OOR ANC IN VRYSTAAT

KOERS IN DIE KRISIS!

EN MEER...

**DIE
VAANDELDRAER**





INDEX

WIE SIT DAAR AGTER?	4
KOERS IN DIE KRISIS! (10 MEI 2017)	7
NASIONALISME: 'N KONTRAK MET ONS NAGESLAG	7
VLAMME OOR ANC IN VRYSTAAT	8
VERKRAGTING GEWETTIG	8
VAN RIEBEECK MET ONS	9
STOCKHOLMSINDROOM WOED ONDER BLANKES	10
RUSLAND WAARSKU OOR MEGA-AARDSKUDDING	11
PUTIN: DIE WESTE DRAAI SY RUG OP CHRISTELIKE WAARDES	12
MOONTLIKE OORLOG?	14
AANNEEM-AGENTSAPPE GEBRUIK OM KINDERS TE BEKOM VIR PEDOFIELE	15
JOU KERK MENEER	16
HOEKOM HET KING JAMES DIT BEVEEL?	16
WIE WAS KIRKE? OF CIRCE?	16
WEES GETROU AAN ONS GESKIEDENIS	17
DANIËL SE GEBED VIR ONS TYD	17

Posbus 316, Ladismith, 6655

Tel: 028 551 2516 Faks: 086-270 6347

Bestellings: verkope@vaandel.co.za

Navrae: info@vaandel.co.za



VAN DIE REDAKTEUR

Oor die afgelope vyf jaar het dit al hoe duideliker geword dat die Christendom kleiner en kleiner krimp, nie omdat ons nie meer in God en Christus glo nie, maar omdat mense toegee onder druk van die liberale polities-korrekte idees. Hulle word deur predikante, pastore, politici en die media gepeper met idees wat in werklikheid teenstrydig is met wat ons Bybel sê.

Ons leef in 'n tyd waar informasie belangrik is, maar ons word meer disinformasie gevoer as enigiets anders. Die blanke kind word reeds op skool geleer dat hy moet skuldig voel oor sy velkleur en sy intellek sodat hy of sy polities-korrek kan wees. Eie oortuigings, geloofsoortuigings is nie meer van belang nie. Dit word vir die kind baie moeilik gemaak om te onderskei tussen reg en verkeerd, goed en sleg en hy word gelei om te dink soos die liberales dink. Dit is 'n aanslag waaronder die oorgrote meerderheid blankes swig en toegee.

Mense aanvaar ruggraatloos alles wat aan hulle opgedis word. Toe Angus Buchan op die toneel verskyn het, was ons volk gretig om hom te volg en het die mense hulle doof en blind gehou vir wat werklik aan die gang is. Hulle heil het by Angus gelê, en nie Christus nie.

Toe al die bose dinge aan George Soros toegedig is, was almal gereed om dit te glo, want ons mense luster na die nuus en lees die koerante, salig onbewus van die feit dat ons heel dikwels gemanipuleer en mislei word. Ons sportmal volkie trap elke denkbare slagyster af, glo enige soort snert, en as 'n geheel maak ons gekke van onself deur sulke naïwiteite te aanvaar en dan word ons uitgelag, en om nie uitgelag te word nie, draai ons maar af op elke dwaalweg.

Deur politieke korrektheid, disinformasie en manipulasie is die blanke Christen al so gebreinspoel dat hy

nie meer enige waarde heg aan sy herkoms, verlede óf toekoms nie. Sonder wortels gaan 'n boom dood. Ons wortels is wat ons voed – ons verlede, kultuur, taal, godsdiens, alles hou ons vas geanker in eie bodem sodat ons nie agter vreemde gode sal aanloop nie. Maar ons stamboom se wortels word die een na die ander uitgekap deur leraars en onderwysers wat ons gaandeweg ook stroop van ons identiteit. Daar is nie meer goeie tuiniers (leiers) wat weet hoe om 'n boom te benat, bemes en te snoei bring nie.

Toe Putin uit die bloute opgestaan en na sy medevolksgenote begin omsien, het hy die vrugte daarvan gepluk – die Russe het weer hulle selfrespek, nasietrots en vaderlandsliefde teruggekry en bankvas agter hom gestaan. Vandag sê hy die Weste met rede sleg omdat ons ons kultuurgoedere, alles wat van ons Westerlinge maak, oorboord gooi soos vuil skottelgoedwater in ruil vir gesigloosheid. Putin moedig sy volk aan om baie kinders te hê en hy help hulle om dit te kan doen sodat daar weer 'n nuwe generasie wetenskaplikes, denkers, geoloë, komponiste, digters en opvoedkundige in sy volk na vore kan kom. En hier in Suid-Afrika word dieselfde gedoen, maar met verwoestende gevolge omdat die opdragte van God nie nagekom word nie.

Vir die Boervolk aan wie die land behoort, beteken hulp aan groot gesinne net meer monde om te voer, meer misdaad, groter dreinerings van kwynende fondse en groter druk op ontoereikende hulpbronne. En ons het die vermetelheid om ons neus vir Rusland op te trek terwyl dit wat in Rusland gebeur vir ons hoop moet gee.

In die Weste het geboortes gedaal omdat Christene hulle ore uitleen aan organisasies met duister agendas. 'n Volk kan net sterf as hy nie meer voortplant nie en as sy taal en kultuur verdwyn. Dit is die uiteindelijke doel van die wêreldregeerders; hulle wat aborsies en kindermolestering goedpraat, wat sê jy kan kies aan watter geslag jy wil behoort, wat geen

onderskeid maak tussen rasse nie, wat sê hulle is die blanke se gelyke en wie se grootste begeerte dit is om met hom te verbaster.

Ons laaste uur het aangebreek, maar my volk slaap die slaap van die dooies.

Hoekom?

Omdat Hy so besluit het: “Want die HERE het oor hom uitgegiet 'n gees van diepe slaap, en Hy het sy oë – die profete – toegesluit en sy hoofde – die sieners – toegebind.” (Jes. 29:10).

WIE SIT DAAR AGTER?



Weet u wie sit agter die geveg teen korrupsie en die bou van demokrasie? Hulle is aanvanklik genoem Google Idea Groups, maar staan nou bekend as Jigsaw. Hulle fokus het ook verander en hulle werf nou wêreldwyd rekrute. Agter die massiewe in-eengeskakelde webtuistes met hulle beloftes van demokrasie, goedheid en lig, aanbiedinge van beveiligde sagteware en opleiding in politieke aktivisme, is daar 'n ander realiteit van gemolesteerde en kinderlykies, valse vlag terrorisme, pers manipulasie en 'n agenda vir wêreldheerskappy en tirannie.

Wanneer enigeen naby die waarheid kom oor wie



werklik agter die skerms sit, begin die leuenbeuel blaas. En alle vingers wys na George Soros en sy Open Society groep, want dis hulle wat nié deur dié onheile gekwel word nie, en verkies om verlinks van die politieke spektrum te opereer.

Saam met hulle is daar talle groepe jeugaktiviste aan die werk wat vanoor die hele wêreld gewerf is en wat oorvloed finansiële steun ontvang. Hulle het ook affiliasies met die Internet maghebbers waarvan Google en Facebook maar net twee van dosyne is. En agter al die gepraat oor veg teen korrupsie en die bou van demokrasie, is dieselfde ou gesigte: David Rockefeller (genadiglik nou dood), die Council of Foreign Relations, die onderduimse gesig van die VSA se State Department, en dan is daar die maskergesig wat alles beheer, nl. die CIA. Dit is ook hulle wat besig is om SA te vernietig met al die stakings, optogte, plundering, looneise en selfs opstande by universiteite.

In 2013 het Veterans Today, Press TV en hulle korrespondent, Serena Shimm, saam gekoek as 'n onskuldig klinkende organisasie om 'n valse vlag sarin-gasaanval in Sirië nuuswaardig te maak. Veterans Today was al tevore betrokke by die hoofgroep en 'n hooggeplaaste bron het hulle gekoppel aan die sluipmoord op wetenskaplikes in Iran en ook aan 'n netwerk van swart operasiespanne (Black Ops squads) in Azerbaidjan.

Hulle taak was om Iran se ekonomie te vernietig, die Koerdiese separatiste te bewapen en enige moontlike kernvestiging te ondermyn. Hulle het Egipte tot 'n val gebring en die Saudi-gefundeerde Muslim Brotherhood tydelik in beheer geplaas; daarna die Oekraïneregering omvergewerp en die burgeroorlog in Sirië aan die gang gesit.

Dit is ook die organisasie agter Victoria Nuland en die neucons in die Oekraïne, asook diegene wat Hillary Clinton beheer het as staatssekretaris en nou ook vir Trump beheer. Ons praat van triljoene dol-

lars, totale beheer oor die Internet, asook die sosiale media, alle soekenjins, selfs die infrastruktuur van die hardeware self.

Hierdie is net een van die koppe van die Hydra, die mag bo en onder regerings, die mag om realiteite te skep, enige waarheid te verander en bo alle wette is.

Dus, daar bestaan 'n wêreldwye organisasie, gerugsteun deur die magtigste tegnologiese maatskappye ter wêreld. Dit word gelei deur Google, Facebook en Microsoft, gerugsteun deur die regerings van die VSA en Brittanje – en agter hulle is daar 'n alfabet-sop van intelligensie- en sekuriteitsagentskappe en netwerke. Eienaardig genoeg word hierdie groep Alphabet Inc. genoem en die hart daarvan is Jigsaw. Aan die hoof staan iemand wat konsultant was vir die Bush National Security Council, Jared Cohen.

Jared Cohen het dus baie groot seggenskap in hierdie magtige organisasie wie se einddoel dit is om die wêreld in sy geheel te regeer. En Jared Cohen is niemand anders as die skoonseun van Donald Trump nie. Kan 'n mens Trump nog vertrou? Hy het dalk opregte bedoelinge, maar hy sal nie toegelaat word om hulle deur te voer nie, want dit is nie in lyn met die Nuwe Wêreldorde se planne nie en hy het die grootste Satan as 't ware onder sy dak, by hom, waar hy beheer word.

Hoeveel rusies daar tussen Jared en Trump op die oomblik is, weet ons nie, maar Siener het gepraat van 'n wit touleier wat oorneem by 'n swarte (wat gebeur het) en dan sê hy word die touleiertjie deur die osse omgestamp en vertrap, nie Obama soos ons gedink het nie, maar waarskynlik Trump. Hy sal dalk die een wees wat gewelddadig uit sy stoel gelig gaan word en dit sal waarskynlik wees op bevel van sy skoonseun, Jared Cohen.

Maar om terug te kom na Jigsaw, die organisasie en sy moedermaatskappy, Alphabet Inc.. Hulle vorm



die kern van meer as 'n dosyn ander organisasies, voorheen gekoppel aan Movements.Org. Dit is organisasies wat dwarsoor die wêreld aktiviste en fluitjieblasers werf en word mildelik gefundeer deur magtige Internet korporasies en gerugsteun deur – dis reg – die CIA.

Die plan is eenvoudig, maar die omvang is ontsaglik. Hulle werf tegniese briljant, maar eties misvormde koolkoppe met hulle jeans en flipflops. En laat ons nie hulle aandele opsies en groot verdedigingskontrakte vergeet nie, en hulle sit hierdie mense aan die gang om 'n nagmerrie te bou waarvan Orwell nie eens sou kon droom nie – een van sosiale ingenieursdata – (of het u gedink u woonadres, telefoonnommer en ID-nommer word net ter wille van die rekords gehou?

Al hierdie organisasies is verbind met grondvlak groepe wat politieke bewegings op bevel kan organiseer. Om dit alles te laat werk, voeg hulle by intelligensieagentskappe wat ook in staat is tot sluipmoorde, motorbomme en sarin-gasaanvalle 'op bevel'. Dan het jy 'n wêreld 'van verandering' geskep wat nie teengestaan kan word nie. Dit alles word moontlik gemaak deur mense se vertroue te manipuleer, voordeel te trek uit menslike gierigheid en as dit nie werk nie, dan afpersing of dwang.

Hierdie organisasies het hulleself vir die eerste keer gemanifesteer in 2008 as 'dark funded' deur die Amerikaanse en Britse regerings se Alliance for Youth Movements.

Elke jaar word 'n spitsberaad gehou en Meksiko-Stad, Londen of enige ander plek word oorstroom deur potensiële CIA rekrute. Vroeër het Robert Bernstein, stigter van die verdagte CIA front, Human Rights Watch, operasies oorgeneem en begin om vennootskappe te sluit met die media deur Al Jazeera wat deur die Qatari koninklikes besit word, asook die Murdoch/Fox/WSJ organisasies, wat Israel se wurggreep op die VSA en Brittanje is.

Dit was Movement.Org en nie die Soros-organisasies nie, wat verantwoordelik was vir die Arabiese Lente en die omvêrping van die regering van die Oekraïne. Hulle het ook die sneller getrek op Egipte en sodoende die Muslim Brotherhood wat deur Saudi gesteun word, in beheer geplaas. Sagteware is ontwikkel waarmee hulle Sirië se 'gematigde rebelle' kon identifiseer en die inligting is versprei deur die Qatari 'fake news' organisasie, Al Jazeera. Op die oomblik is hulle in Sirië besig met 'n videoopname maatskappy om valse White Helmet gas-aanval dokumentêre te maak.

Hulle media-vennote is die Murdoch-organisasies, Fox News in die VSA en ander Murdoch eiedomme oor die wêreld. Hulle amptelike stem is die Daily Beast webtuiste. Dis lank reeds bekend dat dit deur Mossad liberaliste en deeglik beheerde opposisie bestuur word en deur Jane Harman besit word. Sy is die Israeli's se bate in die State Department van Amerika. Op die oomblik versprei hulle anti-Trump retoriek.

Verdere ondersoek na die oorsprong van ISIS en al Nusra in Sirië het ondersoekers gelei na Georgië, en CIA operasies daar het hulle weer teruggebring na Washington DC. En daar, agter dit alles, het hulle bekende name gevind: Condoleezza Rice, David Rockefeller en van alle dinge Google Corporation en in die besonder 'n blykbaar onskuldige groep bekend as Google Idea Group.

In 2013 het 1 500 Siriërs gesterf in 'n sarin-gasaanval. Daar is later bevind dat Damaskus nie daarvoor verantwoordelik was nie. Volgens ooreenkoms moet alle wapens van massa vernietiging wat die Siriese regering het, oorhandig word aan die VSA, 'n ooreenkoms wat onlangs 'n hele paar terugslae gely het.

Ons verhaal begin in 2013 en loop dan die toekoms in, en dit kan wel 'n baie troostelose toekoms wees.



Dit is hartseer hoe maklik so baie mense verblind en van die spoor weggelei is. George Soros was nog altyd 'n mindere speler wêreldwyd. Dit het duidelik geword terwyl die gebeure in die Oekraïne onder die soeklig geplaas is. Die beplanners van die staatsgreep was natuurlik Victoria Nuland en haar man John Kagan. Hulle is beide lewenslange vyande van Soros wie se lewensstryd nog altyd teen Israeli invloed in Washington was. Nuland en die Kagan-broers en die dinkskrum waaraan hulle gekoppel word soos die swendel instituut, Institute for the Study of War, is suiwer regse ekstremisme en toegewyd aan die bevordering van Israeli invloed, selfs ten koste van Amerikaners se lewens.

Die saak is essensieel: Jigsaw is bedoel as 'n uitbreiding, 'n wêreldwye uitstrekking, van die pogings wat ons gesien het in Egipte. Daar was dit 'n mislukking en ook in die Oekraïne waar dit gekeer is deur Rusland, maar gedeeltelik suksesvol, en dan die mislukking in Sirië.

Die formule is duidelik. Werf aktiviste, sit terroriste-aanvalle aan die gang, buit hulle beproefde vermoëns uit, maak valse dreigemente van kern/biologiese wapens, beplan dan VSA intrede ter wille van wat net beskryf kan word as 'n wêreldwye kriminele organisasie wat nou byna alle inligtingsvloei op die planeet beheer.

KOERS IN DIE KRISIS! (10 MEI 2017)

MNR. JAAP MARAIS, 16 MAART 1995.

NASIONALISME: 'N KONTRAK MET ONS NAG-ESLAG

Ons grootste probleem is dat die massamedia ons historiese sin wil doodmaak. Hulle wil hê ons moet vloek teen ons voorgeslag. Ons moet in die beskuldigdebank gaan staan weens apartheid. Ons moet aan die wêreld skuld bely dat apartheid 'n sonde was en ons moet ons rug draai op ons helde van die verlede.

Die oomblik as 'n volk losgesny word van sy geskiedenis, as hy sy helde wil onteer, dan is hy magteloos teen elke vyand wat daar in die wêreld is. Daarom dat Edmond Burke gesê het: as jy nie terugkyk na jou voorouers nie, sal jy nooit vooruit kyk na jou nageslag nie.

En dit is waarskynlik die belangrikste rol wat nasionalisme in 'n volk het. Nasionalisme is die kontrak tussen die wat was, die wat is, en die wat na ons sal kom. En dit is daardie kontrak wat die kon'nuiteit aan 'n volk gee, wat sy geslagte bind en wat veral deur die geskiedenis en die daede van sy helde aangevuur word – aangevuur tot die aanvaarding van groot uitdagings wat aan 'n volk gestel word. Genl De Gaulle het gesê: nie vrede maak, nie versoening nie. Konfrontasie. Konfrontasie met dié wat jou ondergang soek. En as 'n volk daardie sin verloor, is hy magteloos en sal hy van die verhoog van die geskiedenis afgevee word. Oorloë word nie verloor en veldslae word nie verloor deur wapenmag nie, maar wanneer mense moed en hoop verloor.

En dit is die taak wat die media vandag het: die Afrikaners moet moedeloos gemaak word. Ons moet dink daar is net een manier van optrede, en dit is dat jy moet deel word van hierdie bedrieglike en verraderlike bestel wat op ons afgeforseer is. Moenie moedeloos word nie! Wees trou aan ons volk. Wees trou aan ons volk se geskiedenis.

VLAMME OOR ANC IN VRYSTAAT



Die vlamme is letterlik besig om uit te slaan oor die ANC in die Vrystaat se berugte premier en stoere Zuma-lojalis Ace Magashule, wat met aanhoudende bloedige betogings by die Glaspaleis in Bloemfontein as hoofsetel van die Mangaung Metro Munisipaliteit en met gewelddadige betogings oor gebrekkige of geen munisipale dienslewering op talle Vrystaatse dorpe, alles in puin te lê. Te Frankfort het die Mafube Plaaslike Munisipaliteit, wat ook die dorpe Cornelia, Villiers en Tweeling bedien, platgeval en is die kantore gesluit. Daar is nie meer geld vir salarisse vir amptenare of vir dienslewering nie. Te Cornelia is die ANC kantore afgebrand. Die Masilonyana Plaaslike Munisipaliteit met hoofkantoor te Theunissen en wat ook Winburg en Brandfort bedien, funksioneer feitlik nie meer nie en word munisipale toerusting op 'n eksekusieveiling verkoop om skulddelging te doen. In feitlik alle ander munisipaliteite in die provinsie lyk die droewige prentjie ongeveer dieselfde, met bv. die Kopanong Plaaslike Munisipaliteit te Trompsburg wat ook die dorpe Gariepdam, Springfontein, Bethulie, Philippolis, Jagersfontein, Fauresmith, Edenburg en Reddersburg bedien, wat so diep in die skuld is by Bloem Water en Eskom dat van die dorpe soms tot 'n maand sonder water moet klaarkom. Inmiddels het Thabo

Manyoni, uitgeskopte Mangaung-burgemeester, as LP bedank en gesê hy keer terug na die Vrystaat om die ANC sg. te versterk. Dit is bekend dat Manyoni en Magashule nie om dieselfde vuur sit nie.

VERKRAGTING GEWETTIG



Frankryk, Swede, Duitsland en ander Europese lande is op pad om die verkragting wat deur immigrante gepleeg word, te wettig omdat dit 'hulle kultuur' is.

So skokkend soos dit mag wees, het 'n aantal verkragters wat onlangs straffeloos vrygespreek is, summier voorgestel dat daar reeds 'n presedent geskep is om verkragtings deur immigrante te diskriminaliseer omdat hulle nie Westerse verkragtingswette 'kultureel verstaan' of selfs die woord 'nee' nie.

Kortom, verkragtings deur immigrante kan nou bloot as 'kulturele misverstande' beskou, en sodoende kry die slagoffers nooit geregtigheid nie, wat beteken dat de facto verkragting wettiglik meestal reeds in plek is.

'n Duitse regter het onlangs 'n Turkse dwelmhandelaar van verkragting vrygespreek ten spyte daarvan dat hy glo 'elke woord' van die 23-jarige slagoffer se

beskuldiging geglo het, want volgens die regter het die slagoffer dit as verkragting ervaar. Haar kop is tussen twee bedkopstukke ingeforseer nadat sy tevergeefs “Nee!” uitgeroep het. Volgens die regter kan die daad bloot as ‘wilde seks’ in Turkye beskou word.

Die aanklaer het erken dat die uitspraak ‘n swaar slag vir die slagoffer moes gewees het, maar aan die ander kant was ‘n skuldigbevinding nie moontlik nie, want daar was geen bewyse van verkragting teen die beskuldigde nie.

Boonop is die Turkse beskuldigde se verklaring dat hy hom nie aan verkragting skuldig gemaak het nie, omdat hy ‘n ma en ‘n suster het. (Wat dit met die saak te doen het, is nooit uitgeklaar nie).

Die hof het ook beweer dat die meisie se aanhoudende uitroepe van “nee!” die immigrant juis gedwing het om haar te verkrag en daarom kan dit nie as verkragting beskou word nie.

Die liberale invloed het die Duitse volk reeds so sterk geïndoktrineer dat hul inklusiewe multikulturele respek en burokratiese konformisme (meeloper) selfs in staat is om wat ongetwyfeld verkragting is, gerieflik in ‘n aanstootlike kulturele vraag te verdraai. Hoewel beide die verdediging en die vrou bevestigend geantwoord het op ‘n vraag of sy wel gewelddadig seksueel aangerand is, wou die hof dit nie aanvaar nie omdat die regter al die bewyse wat daar was, eenvoudig as ‘n ‘etniese misverstand’ afgemaak het.

Hierdie skokkende toedrag van sake is egter nie net beperk tot Duitsland nie. Vroeër vanjaar is ‘n Moslem in Swede vrygespreek nadat hy ‘n tienerseun verkrag het. Die rede vir sy vryspraak was dat hy nie die Sweedse regspleging ‘verstaan nie’.

VAN RIEBEECK MET ONS

Dit het onder my aandag gekom dat talle mense onder ‘n wanindruk verkeer oor die geskiedenis van broeder Jan van Riebeeck se landing in April 1652; want alles wat julle tot nou toe gelees het, is fake news. Dit is dus my, as mede-Drommedarisreisiger, se burgerlike plig om die ware geskiedenis vir die nageslag te boekstaaf:

Ons het op 6 April met die Reijger, Drommedaris en Goede Hoop hier geland. Broeder Jan is dadelik in Adderleystraat af om vir suster Maria ‘n bos blomme by Eva se stalletjie te koop.

“Waar ben Malema en Zuma?” vraagd broeder Jan.

“Nei ouwaas,” seg Harry die Strandloper; “Ze zijn nog op weg. Ze trekt nu bij de Kongorivier.”

Op daardie stadium het Zuma protospaane vooruit gestuur om teerpaai te bou en spoorweglyne aan te lê, maar Cosatu was oudergewoonte weer besig met onderhandelinge na die hoeveelste loondisput.

Antje Boom, een van ons voorvroue en ‘n gekomiteerde diakones, is intussen die Caab in om KFC te gaan soek na die lang seereis. Op pad loop sy Gatiëp raak en ruil twee koper-armbante vir tik. Twee uur later doen Antje ‘n paaldans in die Botaniese Tuine by Kirstenbosch en sing: “Happy days are here again”.

Broeder Jan van Riebeeck klim op sy selfoon na Malema om te hoor hoe vorder die teerpaai en dubbelverdieping-geboue. “Waar is het geld?!” skree Malema woedend en dreig om die Reserwe Bank te nasionaliseer.



X'au Tse Klik, hoof van die Caabse Parkeraad, doen opmetings (hy is 'n gekwalifiseerde landmeter) en beduie vir Willem Voet waar die wit setlaars hulle Fort kan opslaan.

Broeder Jan pos op Facebook dat "ons gearriveerd sijn in de Caab". Die Here XVII lewer kommentaar dat Jan moet na Mohammed Hassoon se kruiewinkel naby Grootte Schuur gaan vir een padkaart naar Graaff-Reinet.

Broeder Jan roep ons alkaar byeen. "Gaat naar de Drommedaris," seg Broeder Jan; "Gaat haal je de gasbraai. De Leeus spelen vanmiddag tegen de Crusaders."

Hier gaat het nog lekker raken, denke ons.

"Spelen Mannetjies Roux?" vraag Antje guitig met een glinstering in het oog.

In Julie 1652 is 'n kleine De Klerk vir ons gebore. Antje plaas hom in 'n biesiemandjie gesmeer met Pik en loop los die kleine swernoot in die Vetrivier. Die Xhosa-prinses Nonquase het hom later daar gekry en na haar dada Koning BigAss se paleis geneem.

Broeder Jan roep ons weer algaar: "Boys, Malema en Zuma is op't pad. Zij komen het land tem. Over tweehonderd jaar van nu kunnen we op teerpaai de Grote Trek aanpak en langs de Ncomerivier gaan kampopslaan ..." — Hansie.

STOCKHOLMSINDROOM WOED ONDER BLANKES

DANIËL LÖTTER.

Op 23 Augustus 1973 word die Norrmalmsborg Bank in Stockholm beroof. Die rowers neem vier werknemers van die bank gevange en hou hulle vir ses dae gyselaar in die kluis van die bank, waar die 4 gemartel en geboelie word. Na afloop van die gebeure, vind daar toe 'n verstommende ding plaas: Die vier gyselaars weier nie alleen om voor die hof te getuig teen die rowers nie, maar begin met 'n veldtog om geld in te samel vir die rowers se verdediging! Hierdie merkwaardig afwykende gedrag word deur dr Nils Bejerot, befaamde sielkundige en kriminoloog, omskryf as "'n oorlewingsmeganisme van gyselaars deur 'n sielkundige alliansie met hulle aanhousers te vorm." Hy identifiseer 4 kernkomponente van hierdie gedragspatroon:

1. Die ontwikkeling van positiewe gesindhede teenoor die gevangener;
2. Geen vorige bewys van enige verhouding of verstandhouding tussen gevangener en gyselaar nie;
3. 'n Verset by die gyselaar om saam te werk met enige struktuur of organisasie wat teen die gevangener optree; en
4. 'n Hardnekkige geloof in die menslikheid van die gevangener omdat die gyselaar daardeur dieselfde waardesisteem as die gevangener aanvaar en derhalwe nie meer die gevangener as 'n bedreiging sien nie.

Hierdie sielkundige gedragspatroon staan bekend as die Stockholm Sindroom. En derduisende wit Suid-Afrikaners ly in die een of ander mate hieraan. Kom ons meet dit aan die vier kernkomponente:

- Tot vervelens hoor jy: Ag foeitog, ons het die arme mense se grond gesteel en hulle so verskriklik verdruk en verarm dat ons nie nou moet kla as hulle wraaksugtig optree nie. Eintlik moet ons heelwat meer verdraagsaam wees en solank ons net positief bly sal alles regkom.
- Met twee waardestelsels, kultureel en andersins, wat ligjare van mekaar verskil, was daar nog nooit 'n eenheid tussen verskillende rassegroeperinge in die geskiedenis van Suid-Afrika nie. Nou hoor jy deesdae: Nee, ons is almal van Afrika. Kom ons los nou ons Europese waardestelsel en aanvaar dit "as jy in Afrika wil oorleef moet jy soos Afrika optree".
- "Ek sal in der ewigheid nie stem vir 'n selfbeskikkingsparty soos FN nie, want ons moet almal saamwerk om Suid-Afrika te laat werk." Met ander woorde, ten koste van my eie toekoms en identiteit sal ek liever teen my eie mense werk omdat hulle teenstand bied teen die strukture wat my as gyselaar hou.
- "Mandela was die Vader van ons nasie en die Reënboognasie is 'n wonderlike konsep waarin almal van ons in vrede en voorspoed saamleef. Zuma is die enigste probleem, want die ander ouens in die ANC is nie so sleg nie. Ek het nie 'n probleem met Pravin Gordhan se geskiedenis as terroris nie of Helen Zille se anti-Afrikaner standpunte nie, want hulle wil eintlik net die beste vir ons land hê. Ek dink Mmusi Maimane sal 'n uitstekende president wees, want hy is 'n Christen en wil hê Suid-Afrika moet vooruit gaan. Plaasmoorde is gewone misdaad en nie rasgebaseerd nie en ons moenie politiek daarvan maak nie." Daardeur weier ons om die probleem te sien, en verkies om te fokus op die gewaande 'genadige menslikheid' van die gevangene, of binne hierdie konteks: die bewindhebber. Ons aanvaar maar dieselfde waardesisteem omdat die

bedreiging daarmee verdwyn."

RUSLAND WAARSKU OOR MEGA-AARDSKUDDING

Die Russiese wetenskaplike, Dr. Mehran Keshe, is die uitvinder van 'magrav regnologie' wat deur die Federasie se militêre magte gebruik word in hulle geheime verdedigingswapens. Dit is onder andere ook gebruik om Amerikaanse oorlogsskepe te skend, soos wat gedoen is met die USS Donald Cook.

Deur verskillende aspekte van hierdie 'magrav tegnologie' te gebruik, kon Dr. Keshe verlede jaar die aardskuddings vir beide die Kanchatka Skiereiland, asook Suid-Alaska voorspel. Aardskuddings van 7.1 en 7.3 onderskeidelik het dan ook daardie gebiede getref. Hy het ook een in die koninkryk van Tonga voorspel. Volgens hom is laasgenoemde die teken dat die Stille Oseaan Plaat besig is om in posisie te kom vir 'n, soos hy dit stel: 'n 'katastrofiese nuwe rigtingslyn'. Op sy voorspellings het altesaam agt sterk aardskuddings drie maande na sy waarskuwings gevolg. Die ergste was in Ecuador waar 233 gesterf het en in Japan waar ten minste 41 dood is, duisende word nog vermis en 250 000 is dakloos gelaat.

Hy het ook in sy verslag gepraat van 'n onvermydelike wêreld veranderende mega-skudding met die krag om kontinente oop te skeur.

Die Amerikaanse wetenskaplike, Dr Roger Bilham, het aangesluit by Dr. Keshe en ook gewaarsku: "Die huidige toestande kan dalk ten minste vier aardskuddings van groter as 8 op die Richterskaal veroorsaak en as hulle traag is om te gebeur, sal die spanning wat deur eeue opeengehoop het meer katastrofiese aardskuddings veroorsaak."

Daar word onder andere bespiegel dat mega-aardskuddings Noord- en Suid-Amerika kan skei en mega-tsunami's kan moontlik, Amerika en Asië tref en ongeveer 40 miljoen mense laat omkom.

Op 27 April is top bevelvoerders en politici in Moskou bymekaargeroep en oor die aangeleentheid samesprekings gevoer wat tot dusver nog grootliks geheim bly.

Dit is interessant dat Trump ook in hierdie tyd die verbod op die verspreiding van inligting oor die koms van Nibiru wat deur George Bush ingestel is in die negentigerjare, opgehef het. Inligting is nou vrylik beskikbaar en NASA het self van hulle bevindings vrygestel. Google het vir 'n hele paar jaar lank die gedeelte in die hemelruim waar Nibiru gesien kon word, uitgeblok, maar dit is ook gelig.

Daar word nou vrylik gepraat oor Nibiru en die betekenis van sy koms word op die Internet bespreek.

Vaandel Uitgewers het self 'n publikasie oor die koms van hierdie monsterplaneet en as u meer inligting wil bekom, daar is kaarte, wetenskaplike scenario's, historiese gegewens en baie meer in die boek Nibiru - 'n openbaring.

PUTIN: DIE WESTE DRAAI SY RUG OP CHRISTELIKE WAARDES

Rusland is lankal nie meer Kommunisties of sosialisties nie. En dit het 'n Wladimir Poetin gekos om daardie land wat dertig jaar gelede nog verbete weerstand teen Christelike norms gebied het, op te staan en die bakermat van die Christendom (die Weste) oor die kole te haal vir die minagting van sy eens Christelike waardes.



Die Free Republic het op 28 Desember 2016 berig oor wat Poetin te sê gehad het op sy jaarlikse perskonferensie. Die Russiese leier beskuldig die Weste daarvan dat hulle pedofilie normaliseer. Hy sê die Westerse Elite probeer om afwykings soos pedofilie te normaliseer en sodoende hulle Christelike waardes agterlaat – waardes wat hulle lande groot gemaak het.

Hy het ook uitgevaar teen die Nuwe Wêreldorde “wat 'n kultuur geskep het van 'buitensporige, oordrewe politieke korrektheid', iets wat nog die Westerse Beskawing sal vernietig as dit nie gekeer word nie,” was sy woorde.

In sy vier uur lange vraag- en antwoordsessie, het die Russiese leier gesê die Weste het sy tradisionele waardes verwerp, in plaas daarvan om 'n toekoms te bou op soliede Christelike beginsels.

Die YNW berig weer dat Poetin ook gesê het dat die internasionale druk vir 'n Nuwe Wêreldorde sal 'nasionale soewereiniteit sal laat verdwyn' en ook die individuele 'identiteit en God-geskape verskeidenheid' vernietig. As rede hiervoor het hy aangevoer dat die Westerse elite begin het om die wortels van hulle gemeenskap waarop hulle beskawing gebou is, af te takel.

“Baie Westerse lande het die pad gevolg waar hulle



hul eie wortels verwerp of ontken, hulle Christelike wortels wat die basis van die Westerse beskawing vorm, ingesluit. In hierdie lande word die morele basis en enige tradisionele identiteit ontken – nasionale, godsdiens, kulturele en selfs geslagsidentiteite word misken of gerelativeer. Daarom hanteer hulle politiek ‘n gesin met baie kinders as gelyk aan ‘n homoseksuele verhouding (juridies)...”

Die oordadigheid en uitspattigheid van politieke korrektheid in hierdie lande lei inderdaad tot ernstige oorweging van die wettiging van partye wat pedofilie propageer en bevorder.

“Die mense in baie Europese lande is selfs skaam oor hulle godsdienstige affiliasies en is inderdaad bang om daaroor te praat,” het Poetin gesê.

Hy was ook van mening dat die situasie so oordrewe in die Westerse kultuur geraak het, dat mense nou geleer word dat ‘Geloof in God dieselfde is as geloof in Satan’. As jy iets anders sê, loop jy die risiko om politiek nie-korrek te wees nie – die grootste sonde van ons tyd.

“Christenvakansiedae,” sê hy, asook die herdenking daarvan word afgeskaf of ‘neutrale’ name gegee asof ons skaam is vir daardie besonderse geleentheid. Op hierdie manier word die dieper morele waardes van hierdie vieringe weggesteek. En hierdie lande probeer hierdie model afdwing op ander lande wêreldwyd. Ek is diep oortuig daarvan dat dit ‘n direkte manier is vir die verlaging en primitivering van kultuur. Dit lei tot ‘n dieper demografiese en morele krisis in die Weste.

“Wat kan beter bewys wees van die morele krisis (in die Weste) as die verlies aan sy reprodutiewe funksie? Geen Westerse land kan vandag nog reprodutiewelik oorleef nie. Selfs nie eens met die hulp van migrante nie. Sonder die morele waardes wat in die Christendom en ander wêreldgodsdienste gewortel is, sonder die reëls en morele waardes wat oor mil-

lennia gevorm en ontwikkel is, sal die mensdom onvermydelik hulle menslike waardigheid verloor.”

Poetin was nie apologeties omtrent Rusland se vasberadenheid om Westerse waardes te verdedig nie. “En ons dink dit is reg en natuurlik om die (Christelike) waardes te verdedig en te bewaar.”

Hy het ook gewaarsku dat daar ‘n “poging is om ‘n eenwêreldregering te skep wat sal wegdoen met soewereine state – ‘n uiteinde wat sal lei tot die ‘oorgawe van ‘n mens se eie identiteit’ en die ‘verlies aan Godgeskape diversiteit’ (soort volgens soort). Terselfdertyd merk ons op internasionale vlak die pogings op om ‘n eenpolige, verenigde model van die wêreld te skep, om instellings van internasionale reg en nasionale soewereiniteit te verwyder.”

Hieroor het Poetin hom soos volg uitgelaat: “In so ‘n verenigde, eenpolige wêreld is daar nie plek vir onafhanklike state nie. So ‘n wêreld het bloot slawe nodig. Uit ‘n historiese oogpunt sal so ‘n eenpolige wêreld bloot die oorgawe van ‘n mens se eie identiteit en van Godgeskape diversiteit beteken.”

‘n Onderhoud met Liz Crokin het die joernalis van die Free Republic sy paradigma oor die Russiese beskuldigings teen Trump verander. Tydens die onderhoud het Liz Crokin gesê dat die pedofilie elke regering in die Weste ingeneem het. Poetin en Trump word teengestaan en hulle beplan om saam te werk op hierdie kwessie.

Wat die joernalis in sy onderhoud gevind het, was interessant. Die Veterans Today skryf in ‘n artikel “Ooglopende pedofiele, die Neocons, en ander Nuwe Wêreldorde-agente sal Poetin nooit vergewe nie, want hy laat daardie mense werklik boos lyk. As daardie mense ‘n sataniese ideologie najaag, sê Poetin, dan is hulle op ‘n pad van sedelike agteruitgang.”

Hulle het ook gesê Poetin kritiseer die Weste omdat hulle hul Christen oorsprong verlaat. “Baie Westerse

state het op 'n pad gegaan waar hulle hul eie oorsprong ontken of verwerp, ingesluit hulle Christelike oorsprong wat die basis vorm van die Westerse beskawing. In hierdie lande word die morele basis en tradisionele identiteit ontken – nasionaal, godsdienstig, kultureel en selfs geslagsidentiteite word ontken of gerelativeer.”

Living Resistance het weer gesê: “In 'n seldsaam gesiene toespraak het Putin gesê daar is 'n morele krisis in die Weste en dit is een wat doelbewus geskep word deur die regerings. Kortliks, die morele grondslag van objektiewe reg en verkeerd wat dikwels gekoppel word aan die Christendom, het verweer.

“In die plek daarvan het die imperiale oligarchs 'n sisteem opgerig wat dit wat goed is omkeer en vervang met propaganda wat lei tot kulturele verrotting en verwerping van identiteit, volgens Poetin.

“Hy beweer dat geloof in God vervang is met Satanisme. Dit klink kranksinnig genoeg, maar dan, dit lyk of daar tog 'n mate van affiniteit vir die okkultiese godsdienstryke is onder sekere politieke gekonekteerde individue. Of dit ‘Satanisme’ is of iets heeltemal anders, is 'n vraag wat ons aan ander laat om te beantwoord.”

Hy sê dat die wettiging van partye wat “die propaganda van pedofilie bevorder, is al ernstig oorweeg as gevolg van die oordreuenheid van politieke korruptheid.”

Poetin se siening is nadruklik bestendig en daar is bewyse dat hy hierdie soort stellings al vir jare maak.

Die gedagte van 'n eenwêreldregering is al deur verskeie mense besing omdat dit irritasies soos visas, wisselkoerse, vreemde geldstelsels, ens. sal vergemaklik en vereenvoudig, maar dit kom teen 'n amper onbetaalbare prys. As jy deel daarvan

wil wees, moet jy geen beginsels, geloofsoortuiging, voorkeure, oordeel, ens., hê nie. Jy moet alles wat die Christengelowige as boos beskou, onvoorwaardelik aanvaar.

MOONTLIKE OORLOG?

Gedurende die laaste drie jaar word daar al oor en weer gedreig en sit ons net en wag dat dit alles tot uitbarsting moet kom en lei tot die Derde Wêreldoorlog wat nou onvermydelik skyn te wees.

Rusland beweer nou dat hy die hele VSA vloot kan onbruikbaar maak deur die nuutste ‘elektroniese oorlogvoering’-tegnologie en dit terwyl die wêreld homself staal vir konflik. Dit is bekend gemaak deur 'n video-verslag uit Rusland waarin gewys word hoe Russiese soldate simulaties uitvoer van hoe hulle die VSA se skepe nutteloos kan maak deur hulle seine te smoor.

Die video stuur 'n ontmoedigende boodskap aan Poetin se vyande. “Jy het nie duur wapens nodig om te wen nie, kragtige radio-elektroniese smoring is genoeg”.

Die Russe het ook verdere elektroniese tegnologie ontwikkel om 'n ‘koepel van radio elektroniese smoring’ wat verhoed dat hulle deur VSA vliegtuie opgemerk word. Smoringtegnieke word ook gebruik om uit die pad van vyandelike missiele te bly.

Die video toon Russiese militêre magte wat in massa na die Noord-Koreaanse grens verskuif word terwyl die wêreld asem ophou oor die Derde Wêreldoorlog.

Kim Jong-Un, die vet klein tiran van Noord-Korea, het gedreig dat hulle soveel as 60 kernwapens binne twee jaar sal hê. Hy het ook gewaarsku dat hulle gereed is vir oorlog teen die VSA. Noorde-Korea werk ook al vyf jaar lank in die geheim aan 'n nuwe mis-

siel. Hulle sal ook missiele kan afskiet op enigeen wat hulle planne probeer fnuik.

Toe Trump beswaar maak teen Noord-Korea se oorlogsbedrywighede, het die klein twak gedreig dat hy 'n missiel op die VSA sal afskiet. Noord-Korea is baie naby aan die VSA en die dreigement is dus nie ydel nie. Die twee lande is 'n haarbreedte van 'n vernietigende oorlog, het 'n Kremlin aanbieder gesê. Hy het daarna bygevoeg: "Oorlog kan uitbreek as gevolg van 'n konfrontasie tussen twee persoonlikhede – Donald Trump en Kim Jong-un."

Die VSA sal Noord-Korea kan uitwis met die wapens wat tans beskikbaar is. Noord-Korea is 'n kapokhaantjie wat uitdagend rondans en die VSA dreig. Sal hy tot optrede oorgaan? Daarvoor sal ons moet wag en kyk.

Daar word verwag dat die oorlog in Augustus/September sal begin. Astroloë het reeds in 1913 bepaal dat dit die beste tyd is om oorlog te verklaar, want dan sal jy die oorwinnaar behaal. In die Eerste Wêreldoorlog het Brittanje op 4 Aug. 1914 oorlog teen Duitsland verklaar. Die 2de Wêreldoorlog het op 1 September 1939; en die Geallieerde Magte is daarvan oortuig hulle sal ook die 3de Wêreldoorlog wen, mits dat in een van daardie magiese maande begin.

Dit sal ook tussen die VSA en Rusland begin, en juis in die Midde-Ooste waar 'n Turk, volgens die Siener, drie hooimiedens aan die brand gaan steek. En daar sal wapens gebruik word wat ons nog nooit gesien het nie.

Siener van Rensburg: "Die ergste sal wees die elektriese strale wat dood en verderf

saai bo en onder. Selfs die grond sal verwoes word ... Daar sal min mense oorbly."

Visioen oor die begin van die 3de Wêreldoorlog: "Gedurende die nag storm Rusland baie vinnig deur Turkye op pad na die Suez gebied. In Sirië en in Palestina maak die Russe kontak met die Amerikaanse leër wat hom daar voorkeer.

"Palestina word in die gevegte verwoes. Party Arabiere kies die VSA se kant. Baie van die oliebronne in die Midde-Ooste word aan die brand geskiet ... In Europa bars die Russe deur na Spanje op pad na Gibraltar en as hulle ook daar voorgekeer word, dan draai hulle op na Engeland en val hulle uit die lug aan. Engeland word geheel en al verwoes..."

Ons moet maar wag en kyk.

AANNEEM-AGENTSAPPE GE- BRUIK OM KINDERS TE BEKOM VIR PEDOFIELE

Het u geweet dat in die eerste 30 dae wat Trump president was, het hy 1 500 agente wat as sekshanddrywers optree, vervolg? In 2014 was dit 400 vir die hele jaar.

Omdat dit so 'n groot probleem wêreldwyd is, het ook Wladimir Poetin 'n onmiddellike verbod uitgevaardig op VSA volwassenes wat Russiese kinders aanneem oor vrees die vir die veiligheid van die kinders as gevolg van die pedofilie-epidemie wat 'n plaag in die VSA geword het. Daar is ook die werklike bedreiging dat hierdie kinders kan beland in die kloue van seksagente deur die elite pedofielringe wat goedgekeur word as gevolg van die mislukking van die Amerikaanse regering om hierdie misdadringe te vervolg.



’n Wet wat in Rusland deur beide huise van die Duma goedgekeur is, het die wenkbroue laat lig, maar Poetin het verduidelik dat “die regering nie verantwoordelik sal wees vir die mishandeling van hulle kinders aan die hande van pedofiele nie”.

Amerikaners neem by verre weg die meeste kinders uit Rusland aan, en terwyl die oorgrote meerderheid eerbare bedoelings het, is daar toenemende bewys dat ’n elite pedofielring aannemingsagentskappe gebruik om kinders aan sekshandelaars te oorhandig waarna baie van die kinders spoorloos verdwyn.

JOU KERK MENEER

Wat beteken die woord Kerk? En waar kom die woord vandaan? Dis belangrik om te weet die woord kom nie in die oorspronklike Hebreeus en Griekse Geskrifte in ons Bybels voor nie.

In The Gospel Advocate 1915 bladsy 589 staan daar: “The word church is really not a translation of any word used by Christ or His apostles, but it is an Anglican form of a different word which Roman Catholicism substituted in place of the word used by Christ and His apostles. In the English Scriptures by order of King James, who instructed his translators of 1611 not to translate the Greek word ecclesia to congregation or assembly but to use the word church instead of a translation”.

HOEKOM HET KING JAMES DIT BEVEEL?

Ons lees tog in Hand. 19:32 dat die woord ecclesia reg vertaal is as vergadering, maar hoekom is dit in die Engels oral verder vertaal as church?

Die Oxford English Dictionary sê die woord church stam van woorde soos Cirice, Circe, Cirke ens. Die Oxford Dictionary of English Etymology sê weer die

woord Church kom van die ou Engelse woord Cirice of die Oosterse Circe die Keltiese Kirke of die Saksiese Kirika.

WIE WAS KIRKE? OF CIRCE?

Sy was ’n Griekse godin wat geleef het op die eiland van Aiaia. En Aiaia is die mees antieke uitspraak van Gaia die heidense godin van Vrugbaarheid.

Sy was blykbaar die dogter van Helios die songod, wat mense in diere kon verander.

Volgens oorlewering het Gaia haar dienaars voor haar in banke laat sit en hulle dan ’n maaltyd aangebied met heuning en wyn, maar dan die drank gemeng met dwelms sodat wanneer hulle daarvan drink, sy met hulle kon hoereer. Dan sou sy hulle ook met haar staf aanraak sodat hulle dierlik word met menslike sintuie.

Die Grieke het weer die godin uitgebeeld met ’n beker in die hand, gemeng met dwelms, om soldate en konings te kon beheer as hulle dit drink, waarna hulle ook blykbaar ‘dierlik’ geword het!

In die Griekse Nuwe Testament in die boek Openbaring – lees mens van die einste godin (hoer) met ’n beker in haar hand, wat die konings van die aarde verlei wat gedrink het uit haar beker (Openb18:3).

Boonop lees ons ook dat die vrou op ’n Dier sit (Openb17:3). En dat sy die konings wat sy betower het met haar beker, ook verlei het, en met hulle gehoereer het (Openb18:3).

Die kerk is van antieke tye af ’n versamelplek van onrein diere en geeste, bedwelm deur die betowering van Gaia! Mense word dierlik en onrein, eet vark en doen alles strydig teen die reinheidswette van God!



Maar net soos met die eerste Babilon, sal haar ryk weer tot 'n val kom.

Openb18:2 – “Geval, geval het Babilon! Want dit het geword n woonplek van duiwels en n versamelplek van alle onrein geeste en onrein en haatlike voëls.”

Kom uit haar uit my volk (Openb18:4)! – Japie v Zyl.

WEES GETROU AAN ONSE GESKIEDENIS

As ons trou wil wees aan wat ons is en wat ons het in Suid-Afrika, dan moet ons trou wees aan ons geskiedenis. Dan moet ons opstaan en sê ons verwerp hierdie verraderlike bestel wat op ons afgedwing is. Ons sal nie daaraan deel hê nie. En net 'n volk wat deur nasionalisme aangevuur word, is daartoe in staat om weerstand te bied teen die verraaiers van sy identiteit. In die gebaande orde van die natuur sterf elke ding wat nie 'n hartstog vir die lewe het nie. En daardie hartstog word betuig deur bereidwilligheid tot stryd vir wat stryd werd is. Dit is daardie hartstog wat 'n volk laat lewe.

'n Samelewing en 'n volk is lewenskragtig in dieselfde mate waarin hy glo dat daar dinge is wat meer werd is as die handhawing van lewe self. Daaruit word die heldedom gebore. Dit is daaruit dat mense soos De Wet, De la Rey en die politieke strydsligters soos Hertzog en Strijdom en Verwoerd werklik uitgestyg het tot heldedom omdat hulle geweet het hulle lewe is minder werd as dié dinge wat groter is in hulle volk se bestaan.

Die vryheid wat ons gehad het, moes eers verloor word dat ons die betekenis en die

waarde daarvan reg kon besef. Uit elke krisis wat die Boervolk nog gehad het, het hy

sterker uitgekom. Ons is een van die mees voortreflike volke in die wêreld. Daarom kon ons deur al die storms wat daar oor ons as volk gekom het, oorlewe. Daarom kon ons as blankes in Afrika die een volk word wat uit hierdie aarde opgestaan het en hierdie land getem het en opgebou het tot die sterkste staat in Afrika. Sonder daardie voortreflikheid sou dit nie gebeur het nie.

In al die jare van hierdie land se bestaan het ons gesê blank Suid-Afrika is ons land. Ons het nie 'n ander land nie. En ons gaan nie van hom af wegtrek nie. Ons gaan hom terugvat, want hierdie bestel gaan misluk. Afrika gaan inmekaar stort. Wanneer dit gaan gebeur en hoe dit gaan gebeur, kan ek nie vir u sê nie, maar daardie dag gaan kom en al wat ek vir u sê is, laat ons saamstaan, laat ons óns geledere sluit, laat ons ons verbind aan mekaar in 'n hegte eenheid sodat ons in verbinding is met mekaar, sodat ons mekaar kan bemoedig, sodat ons saam oor dinge kan dink en saam kan doen. Dan word 'n klein getal 'n groot mag.

Die geskiedenis is altyd gemaak deur die klein minderhede van 'n volk wat begeesterd en oortuig is in hulle saak — Mnr. Jaap Marais, 16 Maart 1995.

DANIËL SE GEBED VIR ONSE TYD

4 En ek het tot die Ewig-Lewende my Elohim gebid en belydenis gedoen en gesê: Ag, Soewereine Magtige, grote en gedugte Elohim, wat van U kant die verbond onderhou en dié innig liefhet wie U geboeie en verbond tot U welbehag onderhou,

5 ons het gruwelik teen U gerebelleer en verkeerd gedoen deur Elohim-loos (goddeloos — sonder waaragtige liefde tot Elohim) teen U te handel, ja, ons het sonder rede teen U in opstand gekom, en, sonder dat ons dit geweet het, op gladde paaie weg



van U ewige Insettinge en verordeninge afgewyk, ja, weg van U aangesig!

6 Ook het ons nie geluister nie na U knegte, U profete, wie eeue gelede al in U Hooggewyde Naam vermaninge tot ons heersers, owerstes en ons opvoeders, ja tot die hele volk gespreek het.

7 Aan U, o Soewereine Magtige, kom die kostelike reg toe, maar aan ons beskaming van die aangesig soos dit vandag is, aan die verstrooide manne van Juda en aan die hele Israel, die wat naby en die wat ver verstrooid is in al die lande waarheen U hulle weg van U aangesig verdryf het vanweë die gruwelike ontrou wat ons teen U begaan het.

8 O Soewereine Magtige, aan ons kom toe beskaming van die aangesig, aan al ons heersers, owerstes, ons opvoeders, ja, die hele volk, omdat ons gruwelik teen U raad en hulp opgetree het en gemaak het asof U nie bestaan nie en dat ons nooit tot verantwoording geroep sal word nie!

9 Maar, slegs by die Ewig-Lewende, is daar liefdevolle erbarming en volmaakte vergewing, ja, U teen wie ons in vervloekte eiewysheid opgestaan het,

10 deur nie na die Stem van die Ewig-Lewende, te geluister het nie om met oorgawe en wederbaarde verstand te wandel in U ewige Insettinge wat U ons, nie alleen deur die diens van U knegte, die profete, voorgehou het nie, maar ook deur die voortreflike lewe van U enig gebore Seun, Jahsua die Messias, wie dit ook gedemonstreer het!

11 Maar wat het gebeur? Uit die hele Israel was dit net Yashua die Messias wat by magte was om U ewige wet tot U welbehae vir ewig te vervul, en ons, die res, het gruwelik afgewyk deurdat ons ons ore toegedruk het om nie na U Stem te luister nie en nog minder na die Stem van U ewige Seun; daarom is die vloek en U eed vandag regverdiglik oor ons uitgestort soos in die wet van Moses, U kneg, aangeteken is.

12 En U het U waarskuwings in vervulling laat gaan wat U oor ons gespreek het, deur oor ons en ons rigters wat ons bestuur het, groot onguns te bring soos wat onder die ganse hemel nog nie gebeur het nie,

13 want in die wetsboeke van Moses is verskeie riglyne met 'n doel aangeteken, daarom het 'n magdom ongunstighede nou regverdiglik oor ons gekom, ook het ons tot dusver nie die aangesig van Die Ewig-Lewende om vergiffenis of barmhartigheid gesmeek nie deur ons te bekeer van ons wettelooshede en ag te gee op u waarheidsinsprake nie. Ook nie deur die woorde van ons Messias aan te neem wie met die gesag wat aan Hom toegesê is, verklaar het dat die hele Wet en die profete vervul word deur "die Ewig-Lewende lief te hê met jou hele hart, siel en verstand en jou naaste soos jouself."

14 Nou dan, o Soewereine wat U volk uit Mitzrajim (Egipte) laat trek het en met U sterke Hand hulle uitgelei het en vir U 'n naam gemaak het soos dit vandag is, alhoewel die wêreld dit nie meer vandag wil erken nie, ons, óns het gruwelik gesondig, ja, ons was sonder verstand, eiewys en daarom uitermatig boos.

15 O. Soewereine Elohim, laat tog deur U volmaakte heerskappy reg laat geskied en U regverdige toorn en grimmigheid van U stad Jerusalem, U gewyde afgesonderde berg, ja, en U ontroue prins wie U versaaak het (Israel!), afgewend word, want vanweë ons rebellie teen U en die wetteloosheid van ons vaders ontwil is U diensvolk, 'n voorwerp van versmading vir die hele wêreld.

16 Ter wille van my geloof in die Naam van Yashua die Messias, hoor dan nou ter wille van U getrouheid aan U eie Naam, en U eed aan die vaders, Abraham, Isak en Jakob, die gebed van U kneg en let op my smeking, en laat terwille van U prag- en kragvolle Majesteit U aangesig weer oor U volk en gewyde aanbiddingsplek skyn wat jammerlik verwoes lê.



17 Neig U oor na regverdige lang stilswee weer, en hoor goedgunstiglik, ja, open weer U vurige oë in erbarming en aanskou al ons verwoeste plekke en bowenal, die stad en volk oor wie U hoog-gewyde Naam uitgeroep is, want, nie op grond van ons self-opgerigte geregtigheid werp ons ons smekinge voor U vurige aangesig neer nie, maar op grond van U ondeurgrondelike liefdevolle barmhartigheid.

18 O, ons Soewereine Magtige, hoor asseblief! O, ons Soewereine Magtige, vergeef volkome, net soos U alleen kan! O, ons Soewereine Magtige, merk op die skaamte en doen dit asseblief, vertoef tog barmhartiglik nie, om U ontwil nie, want U hoog-gewyde Naam was oor U stad en U volk uitgeroep, en net U kan alles herstel nadat al die regverdige raadslae van U ondeurgrondelike hart teen U bose volk uitgevoer is!

Deur die geloof in die Naam van Yashua die Messias, dra ons hierdie gebed aan U troon van barmhartigheid met hoopvolle verwagting op en smee U, ent ons asseblief weer in op ons Meester, U enige en ewige ware Wynstok sodat ons weer in innige vereniging met Hom tot U welbehae U ewige vrugte van U Heilige Gees, kan dra. Dankie vir die verwagting wat ons nou alreeds mag hê, veral omdat ons nou ons voorgeneem het om na ons Vader se Huis, soos die verlore seun, terug te keer en ons van ons bose weë te bekeer. Halleluja! — Revo Pienaar.



INTEKENARE OP DIE VAANDELDRAER:

BETAAL AAN:

Brandwag Verspreiders

INTEKENGELD:

RSA R150

Namibië R180

Per epos: R120 per jaar

ONS ADRES:

Posbus 316, LADISMITH, 6655

Tel: 028-5512516 Faks: 086 2706347

BANKBESONDERHEDE:

Vaandel Uitgewers

Standard Bank

Rek. Nr. 188 263 217

Tak Kode: 051001



Posbus 316, Ladismith, 6655

Tel: 028 551 2516 Faks: 086-270 6347

Bestellings: verkope@vaandel.co.za

Navrae: info@vaandel.co.za